

1	GEBED
----------	-------

Bid vir die leiding van God se Gees, vir bewuswording van sy teenwoordigheid en vir die luister na sy stem. Wy hierdie les oor dissipelmaking aan die Here toe.

2	DEEL (20 minute) <i>[STILTETYE]</i> 1 TIMOTEÛS 5 – 6 EN 2 TIMOTEÛS 1
----------	--

Maak beurte en vertel/deel (of lees)kortliks wat jy in een van jou stiltetye uit die aangewese Bybelgedeeltes geleer het (1 Timoteüs 5 – 6 en 2 Timoteüs 1). Luister na die persoon wat deel, neem hom ernstig op en aanvaar hom. Moenie verder ingaan op wat hy deel nie.

3	MEMORISERING (5 minute) <i>[SLEUTELVERSE IN JOHANNES]</i> (10) JOHANNES 10:28
----------	---

Repeteer twee-twee.

(10) Johannes 10:28. “Ek gee hulle die ewige lewe, en hulle sal in alle ewigheid nooit verlore gaan nie. Niemand sal hulle uit my hand ruk nie.”

4	ONDERRIG (85 minute) <i>[KERK EN KULTUUR]</i> DIE MENSLIKE KULTUUR EN DIE KULTUUR VAN DIE KONINKRYK VAN GOD
----------	---

Inleiding. Hierdie onderrig gaan oor die menslike kultuur en die kultuur van die koninkryk van God. Ons sien dat menslike kulture aanhoudend verander, maar dat die kultuur van die koninkryk van God dieselfde bly! Wat die Bybel leer oor die verhouding van ’n Christen met sy nog lewende ouers en met sy reeds gestorwe voorouers kan jy in handleiding 6, supplemente 7 en 8 vind.

A. DIE VERANDERENDE KULTUUR VAN DIE VOLKE

Al die verskillende verhoudings tussen mense en hul gedrag word baie sterk bepaal deur hulle kultuur.

1. Die definisie van “kultuur”.

Besprek. Wat is *kultuur*? Wat is die verskillende komponente van kultuur?

Aantekeninge. Die kultuur van elke groep mense is hul wêreldbeskouing, waarhede, geloofsoortuiging, bygeloof en waardes wat hulle uitdruk in hul oortuiging, ervaringe gedrag, verhoudings en instellinge (gebruike en tradisies/orleweringe)

2. Die oorsprong van die menslike kultuur.

Lees Genesis 1:28-29; 2:15; 3:17; 4:16-22; 10:1 to 11:9.

Ontdek en besprek. Hoe het die menslike kultuur ontstaan?

Aantekeninge. Genesis 1 tot 11 beskryf die begin van die menslike kultuur in die wêreld. Dit beskryf die begin van die materiële heelal en die begin van die menslike geslag (die afstammeling van Adam en Eva). Dit beskryf die begin van God se openbaring aan die mens en die begin van sonde (die skending van God se wil). Dit beskryf die begin van die lyding van die mens en die begin van God se plan van verlossing. En dit beskryf die begin van die familielewe, die begin van die menslike beskawing en die begin van die verskillende volke, elkeen met uiteindelik sy eie kultuur.

Volgens die Bybel lê die begin van die menslike kultuur aan die begin van die menslike geskiedenis in hierdie wêreld. Toe die verskillende groepe mense uitmekaar getrek het en sig tot verskillende volke ontwikkel het (Genesis 11:1-9), het daar ook verskille in hul kulture ontstaan. Deur die eeue heen het volke die lewende God van die Bybel en sy openbaring. “Die Here sien hoe groot die verdorwenheid van die mens op aarde is en dat hy sy lewe lank net slegte dinge bedink” (Genesis 6:5). So het die oorspronklike menslike kultuur steeds verder gedegenerer tot godsdienstige afgodery, filosofiese spekulasies en opgemaakte verbeelding. Al hierdie dinge het bygedra tot die vorming van die verskillende menslike kulture vandag. Vandag kan die volke nie eers meer ’n voorstelling maak dat in die begin van die menslike geskiedenis hulle almal dieselfde kultuur gehad het.

3. Die oorsprong van ’n waardesisteem.

Ontdek en besprek. Hoe kon die mense in die wêreld weet wat goed en wat kwaad is?

Lees Psalm 19:1-4; Handeling 17:24-27; Romeine 1:18-20,25,28,32; *Lees* Romeine 2:14-15.

Aantekeninge. God het 'n deel van sy waarhede geopenbaar deur middel van sy skepping. Deur die skepping te observeer en te bestudeer kan mense weet dat die God van die Bybel die Skepper en Onderhouer van die skepping is en ook sy onmeetlike krag by die skepping van energie (lig), materie, aantrekkingskrag, ruimte en tyd waarneem en verstaan. Hulle kan die fisiese en chemiese wetmatighede ontdek wat God in die skepping vasgelê het en ook die skoonheid en ordelikheid van sy skepping waarneem.

God openbaar ook 'n deel van sy waarhede in die hart, verstand en gewete van die mens. Deur te luister na die stem in hulle hart, verstand en gewete kan mense die belangrikste waarhede en moreel waardes ken. Byvoorbeeld, "Jy mag nie moord pleeg nie." "Jy mag nie egbreek pleeg nie." "Jy mag nie steel nie." "Jy mag nie lieg en bedrieg nie."

4. Die goeie en die slegte aspekte van elke menslike kultuur.

Bespreek. Wat is die goeie en slegte aspekte van menslike kulture?

Lees Deuteronomium 16:18-20; 1 Konings 10:1-9 en Jeremia 7:22-29; 10:1-5; 2 Timoteus 3:1-5.

Aantekeninge. Alle menslike kulture het goeie en aanvaarbare aspekte, byvoorbeeld: pliggetroue politici, onomkoopbare sakemense, regverdige wette en eerlike regters, hardwerkende werknemers en fatsoenlike burgers, barmhartige instellings en hoflike en liefdevolle verhoudings.

Maar omdat alle mense ook sondaars is, het alle menslike kulture ook slegte en verwerplike aspekte. Menslike kulture bevat wêreldbeskouings wat gebaseer is op nie-christelike filosofieë, politieke ideologieë, en valse godsdienstige teologie. Hul geloofsoortuigings is gebaseer op die spekulasies en leuens wat uitgedink is deur een of ander godsdienstige profeet of stigter. Hul waardesisteme en gedrag (byvoorbeeld teenoor vrouens) is meestal onregverdig en immoreel. Overheidsinstansies wat hulle burgers nie beskerm nie teen moord op grond van religieuse gronde (jihad, eerwraak), teen moord op etiese gronde (abortus, genadedood), teenoor kriminele (dwelmbendes, die besit en dreiging met vuurwapens, gemaskerde aanvalle en berowinge) of teen allerlei seksuele misstande (poligamie, egskeiding, kortstondige affêres en owerspel, homoseksuele en lesbiese verhoudings, prostitusie, 'lover boys', 'escort services', nagklubs, pornografie, verkragtinge en pedofilie) en allerlei misstande op elektroniese gebied (internet geweld, porno en bedrog). Burgers wat vreemdelinge (minderheidsgroepe), vlugteling (asielsoekers), die armes (swakbegaafdes) nie help nie. Direkteure van groot bedrywe en bankinstellings wat hulself verryk. Bestuurders in die verkeer wat geen rekening hou met die lewens van ander weggebruikers nie. Die menslike verhoudings wat bepaal word deur menslike kulture breek meestal mense af in plaas van om hulle op te bou. Dus, die sondige aspekte van elke menslike kultuur bedrieg en vernietig mense en maak hulle tot diere.

Elke menslike kultuur moet tot bekering kom en sy sondige aspekte hervorm sodat hulle steeds meer gelykvormig word aan die kultuur van die koninkryk van God!

B. DIE EWIGE KULTUUR VAN DIE KONINKRYK VAN GOD

1. Die definisie van die Koninkryk van God.

Die Koninkryk van God is die absolute koningskap (heerskappy, soewereiniteit) van God deur Jesus Christus oor alle mense, dinge en gebeurtenisse. Die Koninkryk van God is in besonder die koningskap (heerskappy, soewereiniteit) van God deur Jesus Christus wat in die harte van mense erken word en in hulle daaglikse lewe werksaam is. Die Koninkryk van God is gebaseer op die volbragte verlossingswerk van Jesus Christus (sy openbaring, lewe, dood, opstanding) en die toepassing daarvan deur die Heilige Gees. Die Koninkryk van God loop uit op vier groot veranderinge:

- Die volledige verlossing van begin tot einde van gelowiges in Jesus Christus
- Hul vestiging en funksionering van die Kerk/Gemeente (Gemeenskap van gelowiges) op hierdie teenswoordige aarde
- Die transformasie van individuele lewens, gesinne en maatskappye op nasionaal en internasionaal vlak
- Die nuwe hemel en die nuwe aarde (wat volledig verlos en vernuut is)

2. Die verskillende aspekte van die Koninkryk van God.

Ontdek en bespreek. Wat is die belangrikste aspekte van die Koninkryk van God?

(1) Die Koninkryk van God is die koningskap van God wat in die harte van mense erken word en in elke aspek van hul lewe werksaam is.

Lees Matteus 6:10,33; Matteus 13:31-35,44-46; Lukas 17:21.

Aantekeninge. Die gelykenisse van "die skat in die 'n saailand" en "'n baie waardevolle pêrel" leer dat die Koninkryk van God bo alle ander ondernemings gesoek moet word en altyd relevant is. Die gelykenisse van "die mosterdsaadjie" en "die suurdeeg" leer dat die Koninkryk van God uiteindelik tot almal en alles sal deurdring. Die Koninkryk van God plaas alle ander verbande (soos stamme, nasionale, politieke, ideologiese, teologiese en kulturele verbande) in die skaduwee. Deur Matteus 13:31 met Markus 4:30 te vergelyk is dit duidelik dat "die Koninkryk van die hemel" dieselfde is as "die Koninkryk van God". Matteus hou rekening met die feit dat die Jode die Naam van God nie wil uitspreek nie en liever oor Hom praat as 'Hy wat in die hemel woon'.

(2) Die soewereine Koningskap van God lei tot die verlossing van sy mense van begin tot einde.

Lees Handeling 8:12; 28:30-31; Markus 1:14-15; 10:25-26; Johannes 3:3-8; 1 Korintiërs 6:9-11; Kolossense 1:13.

Aantekeninge. Die evangelie is “die goeie nuus aangaande die Koninkryk van God”. Die evangelie praat dus nie alleen oor die dood van Jesus Christus nie, maar ook oor sy opstanding; nie alleen oor bekering en geloof, maar ook oor die heerskappy van God deur Christus in die harte en lewens van sy mense. Verlossing begin wanneer ’n mens hom bekeer en begin glo in Jesus Christus. Dit word die regverdiging genoem. Die proses van verlossing hou gedurende die hele lewe aan as steeds weer sondige gedagtes, woorde en dade onder die heerskappy van Jesus Christus gebring word. Dit word die heiligmaking genoem. En die gelowige word uiteindelik heeltemal verlos van alle sonde en die dood. Dit word die verheerliking genoem.

Die koninkryk van God word gevestig tydens die eerste koms van Jesus Christus (Matteus 12:28-29), is nou oral in die wêreld ’n groeiende werklikheid (Matteus 13:31-33), maar word eers heeltemal voltooi en volmaak by die wederkoms van Jesus Christus (Matteus 13:47-50; Matteus 25:34). ’n Mens wat hom bekeer en gaan glo in Jesus Christus gaan die Koninkryk van God binne. Ingaan in die Koninkryk van God beteken dieselfde as wedergebore word (Johannes 3:3), bevry word van die mag (oorheersing) van die duisternis (Kolossense 1:13) of gered (verlos) word (Markus 10:23,26). Die Bergrede in Matteus 5 tot 7 leer dat elke aspek van die menslike lewe onder die heerskappy van Jesus Christus gebring moet word. Alle onderdane van die Koning van alle konings moet die kultuur en die lewensstyl van die Koninkryk van God adopteer.

(3) Die soewereine Koningskap van God lei tot die vestiging van die Christelike Kerk (Gemeente).

Lees Matteus 16:18-19; Johannes 3:5; 1 Korintiërs 12:12-13; Efesiërs 1:13,20-21; 1 Petrus 2:4-10; Matteus 13:24-30.

Aantekeninge. Die Christelike Kerk/Gemeente is die sigbare gemeenskap van mense waarin Jesus Christus erken word as Koning. Die Christelike Kerk/Gemeente is die gemeenskap van mense wat die evangelie gehoor het, in Jesus Christus glo en verseël is met die Heilige Gees. Die Christelike Kerk/Gemeente bestaan uit God se uitverkore mense. Hulle het die roeping en taak om konings, priesters en profete vir God in die wêreld te wees, om die sout van die aarde en die lig van die wêreld te wees (Matteus 5:13-16).

Die gelykenis van die onkruid (Matteus 13:24-30,36-43) leer dat die koninkryk van God (of die Christelike Gemeente) in sy teenswoordige vorm nog tot die wederkoms van Christus ’n gemengde gemeenskap is. Daar sal altyd ongelowiges en afvalliges onder die ware gelowiges wees. Tog moet die gelowiges nie toelaat dat hierdie ongelowiges hulle lewensstyl beïnvloed nie. In plaas daarvan moet die gelowiges die lewensstyl van die ongelowiges in die kerk en in die maatskappy steeds meer beïnvloed sodat dit steeds meer gelykvormig word aan die Koninkryk van God (Jeremia 15:19)! Die gelowiges moet nie toelaat dat die (ongelowige en slegte) wêreld waarin hulle lewe hul vorm nie, maar steeds toelaat dat God hulle maak wat Hy wil dat hulle sal word (Romeine 12:1-2)!

(4) Die soewereine Koningskap van God lei tot die transformasie

van individuele mense, gesinne en maatskappye in die wêreld buite die Kerk/Gemeente.

Lees Matteus 11:4-6; 25:31-40; Lukas 3:10-14.

Aantekeninge. Die aktiwiteite van Christene in hul gesinne en maatskappye het dwarsdeur die geskiedenis gelei tot die vestiging skole en universiteite, klinieke en hospitale, die sorg vir melaatses en ander verstote mense, die help van blindes, dowes en liggaamlik gestremdes, die sorg vir die armes en verdruktes, die betaling van belasting aan die owerheid, die weerstand teen afpersing en korrupsie in instellinge, die bevordering van reg en geregtigheid, gesonde etiek, waardes en norme in die maatskappy, ens.

(5) Die soewereine Koningskap van God loop uiteindelik uit op

’n bevryde en getransformeerde heelal (die nuwe hemel en die nuwe aarde).

Lees Matteus 13:36-43; 25:31-34; Handeling 3:21; Openbaring 21:1-2,9-10,27.

Aantekeninge. By die wederkoms van Christus sal sy engele alle struikelblokke en alle mense wat ander in sonde laat val uit sy Koninkryk verwyder en in die brandende oond gooi. Alle regverdige mense sal in die Koninkryk van God in sy uiteindelijke volmaakte fase lewe. “Niks onreins en niemand wat iets losbandigs en vals doen, sal ooit daarin kom nie, maar net dié wie se name in die boek van die lewe, die boek van die Lam geskrywe staan” (Openbaring 21:27). Die Koninkryk van God in sy uiteindelijke fase is die vernuwning van alle dinge (Handeling 3:21). Dit is die nuwe hemel en die nuwe aarde waarop die Hemelse Jerusalem as die Nuwe Jerusalem sal neerdaal. Dit is die Bruid van die Lam, d.w.s. die Kerk/Gemeente wat bestaan uit die volle getal van uitverkore gelowiges wat ooit op die aarde geleef het (Romeine 11:25-26).

Die feit dat in die teenswoordige tyd vóór die wederkoms van Christus dit dikwels lyk asof die soewereine heerskappy (koningskap) van God afwesig is, beteken nog nie dat God nie die almagtige God is nie. Volgens 2 Petrus 3:9 is God geduldig met die mense op die aarde, omdat Hy graag wil dat hulle tot bekering en geloof kom.

3. Die kenmerke van die Koninkryk van God.

Ontdek en bespreek. Wat is die besondere kenmerke van die Koninkryk van God?

(1) Die Koninkryk van God het ’n teenswoordige en ’n toekomstige vorm.

Lees Matteus 8:11-12; 12:28; 13:36-43; 19:14; 21:42-45.

Aantekeninge. In sy teenswoordige vorm is die koninkryk van God soos Jesus Christus wat die kinders (ANV: mense) van die Koninkryk en die satan wat die kinders (ANV: sy aanhangers) van die Bose in die wêreld (en in die Kerk) saai (Matteus 13:36-39). Die satan en die kinders van die Bose is nou nog aanwesig en werksaam in die koninkryk (en in die Kerk) en sal eers in die toekoms volledig uitgeroei word!

In die teenswoordige vorm van die Koninkryk word mense vanuit die Weste en die Ooste van hulle sondes en bese geeste bevry en onder die heerskappy (koningskap) van Jesus Christus gebring deur die verkondiging van die evangelie (Matteus 12:28; Kolossense 1:13). Die Koninkryk word gegee aan mense wat die vrugte daarvan voortbring (Matteus 21:43). Maar mense wat naamchristene bly omdat hulle die koning nie ontvang/aan neem nie, word in die diepste duisternis daarbuite gegooi (Matteus 8:11-12).

In die toekomstige vorm van die Koninkryk sal die engele alle struikelblokke (alles wat mense tot sonde verlei) en alle mense wat die wet van God oortree uit die Koninkryk van God verwyder word en in die hel gegooi word (Matteus 13:41)!

(2) Die Koninkryk van God is tegelyk 'n openbaring en 'n raaisel.

Lees Matteus 13:11-17.

Aantekeninge. Kennis oor die geheimenisse van die Koninkryk van God word geopenbaar aan die mense wat hul harte geopen het vir die saad van God se Woord. Maar die Koninkryk van God bly 'n raaisel ('n onbekende misterie of geheimenis) vir mense wat hul harte verhard teen die saad van God se Woord (die Bybel).

(3) Die Koninkryk van God is in die teenswoordige wêreld, maar nie van die teenswoordige wêreld nie.

Lees Lukas 17:20-21; Matteus 5:19-20; Johannes 18:36.

Aantekeninge. Die Koninkryk van God is by ons, in ons harte, en word geleer en in praktyk gebring in ons lewens. Tog is dit nie soos elke ander koninkryk in die wêreld nie. Dit is nie 'n koninkryk met 'n aardse politieke regering, 'n miliêre verdedigingsmag, of 'n godsdienstige koninkryk wat deur 'n mens georganiseer word nie. Dit is 'n koninkryk waarvoor Jesus Christus vanuit die hemel op soewereine wyse regeer.

(4) Die Koninkryk van God begin baie klein, maar dring uiteindelik deur totdat dit alles vervul.

Lees Matteus 13:31-33 en Jesaja 9:6-7; Daniël 2:34-35,44-45; Matteus 28:18.

Aantekeninge. Die begin van die Koninkryk van God was baie klein. Maar dit ontwikkel geleidelik, nie alleen in die persoonlike lewens van mense nie, maar ook in alle lande. Die soewereine heerskappy van Jesus Christus is besig om sig uit te brei na steeds meer harte van mense en geografies na steeds meer lande in die wêreld!

Uiteindelik na die wederkoms van Christus en die laaste oordeelsdag (Matteus 13:41; 25:31-46) sal die Koninkryk van God tot alles deurdring (alles vervul) (Matteus 13:33). Alles in die hemel en op die aarde sal onder één Hoof gebring word, naamlik, Jesus Christus (Efesiërs 1:10). Jesus Christus sal alles in almal vervul (Efesiërs 1:23). Die gelykenis van “die mosterdsaadjie” en van “die suurdeeg” leer dit. Elke knie sal voor Hom buig en elke tong sal bely dat Jesus Christus inderdaad die Heer is tot eer van God (Filippense 2:9-11). Die Koninkryk van God sal uiteindelik alle aardse koninkryke vermorsel en tot 'n einde bring (Daniël 2:44), maar dit sal self nooit te gronde gaan nie (Jesaja 9:6). Die Koninkryk van God bly tot in ewigheid!

C. DIE VERANTWOORDELIKHEID OM VERANDERINGE IN JOU KULTUUR TE BRING

Ontdek en bespreek. Waarom het Christene die verantwoordelikheid om soveel as moontlik die verkeerde aspekte in hul kultuur en in hul persoonlike lewe te verander?

1. Jesus Christus leer Christene wat die enige volmaakte kultuur is: naamlik, die kultuur van die Koninkryk van God.

Lees Matteus 5:1-16 (Matteus hoofstukke 5 tot 7).

Aantekeninge. Tydens sy aardse verblyf het Jesus Christus baie onderrig gegee oor die Koninkryk van God! Die enige volmaakte kultuur in hierdie wêreld is die kultuur van die Koninkryk van God wat in die Bybel geleer word! Die kultuur van die Koninkryk van God word alleen in die Bybel geopenbaar en geleer en nêrens anders nie. Die Bybel openbaar die wêreldbeskouing van God, die waarhede van God, wat alle mense moet glo, die waardes en norme wat alle mense moet hê, die gevoelens en ervarings wat in God se oë gesond is en hoe mense hulle moet gedra in hul persoonlike lewe en in hul instellings in elke land in die wêreld!

2. Jesus Christus beveel Christene om die Koninkryk van God en die kultuur van die Koninkryk van God te bevorder.

Lees Genesis 1:28; 2:15; Matteus 6:10,33; 24:14.

Aantekeninge. Christene het die verantwoordelikheid om die Koninkryk van God bo alle ander sake te stel. Hulle het die verantwoordelikheid om te bid dat die Koninkryk van God steeds meer en meer bly kom in die persoonlike lewens van mense en op alle plekke in die wêreld. Hulle het die verantwoordelikheid om die boodskap van die Koninkryk te verkondig aan alle volke in die wêreld!

Christene is nie verplig om die kultuur van hulle volk te verander nie en hulle kan dit ook nie doen nie. Maar hulle het die verantwoordelikheid om die mense in hulle kultuur op te roep om hulle te bekeer en hulle lewens te verneder (te hervorm). Hulle roep hulle om die verkeerde aspekte in hul kultuur te verander sodat dit gelykvormig word aan die aspekte in die kultuur van die Koninkryk van God. Wanneer mense die evangelie van die Koninkryk van God hoor, moet hulle hul bekeer en hulle lewens verander (hervorm). Hulle moet hulle wêreldbeskouing verander, en ook wat hulle as die waarheid beskou, hul geloofsoortuigings, ervarings, motiewe, gedrag, verhoudings en instellings. Al hierdie dinge moet gelykvormig word aan die kultuur van die Koninkryk van God! Christus het in die wêreld gekom om individue, gesinne, gemeenskappe en volke te verander en hul kulture gelykvormig te maak aan die kultuur van die Koninkryk van God! Christus het in die wêreld gekom om mense te verander en om deur hulle ook hul kultuur te verander! En Hy begin altyd met die sondige aspekte in die lewens van individue!

3. Jesus Christus sal op soewereine wyse Christene en ook die hele aarde transformeer by sy wederkoms.

Lees Matteus 13:41-43; Handeling 3:21; Romeine 8:19-21; 2 Petrus 3:13; 1 Johannes 3:1-3; Openbaring 21:24-27.
Aantekeninge. Jesus Christus sal alle dinge herstel (Handeling 3:21), alle dinge nuut maak (Openbaring 21:5)! Hy sal dit doen deur alle struikelblokke en almal wat die wet oortree uit sy Koninkryk te verwyder! Hy sal nie toelaat dat by sy wederkoms enigiets wat onrein, skandelik of bedrieglik is, in sy Koninkryk in sy uiteindelijke fase inkom nie. Hy sal alleen die dinge in die menslike kulture toelaat wat ten volle ooreenkom met die kultuur van sy koninkryk in die Nuwe Jerusalem. Dit sal alleen dinge wees wat ooreenkom met sy Woord (die Bybel) en wat God sal verheerlik. Nietemin, net soos individuele Christene eers by die wederkoms van Jesus Christus heeltemal volmaak gemaak sal word (1 Johannes 3:1-3), so sal ook alle goeie aspekte in menslike kulture eers by die wederkoms van Christus volkome volmaak gemaak word (Romeine 8:19-21).

D. EVALUEER ASPEKTE VAN JOU KULTUUR

Christene moet elke aspek van hul eie kultuur evalueer in die lig van die Koninkryk van God soos dit in die Bybel geopenbaar word. Stel jouself steeds weer die volgende vrae:

- Wat is my wêreldbeskouing in die lig van die nooit veranderende wêreldbeskouing in die Bybel?
- Wat is die ewige waarhede in die Bybel en hoe verskil my waarhede daarvan?
- In hoeverre glo ek die dinge wat ek volgens die Bybel sou moet glo?
- Wat is die waardes en norme in die Bybel en hoe kom stem my waardes en norme daarmee ooreen?
- In hoeverre stem my oortuigings ooreen met die oortuigings in die Bybel?
- Hoe beoordeel die Bybel my gevoelens en ervarings?
- Hoe beoordeel Jesus Christus my persoonlike verhoudings?
- Hoe sou my gedrag volgens die Bybel moet verander?
- Hoe beskou die Bybel die politieke, geregtelike, onderwys, sosiale en godsdienstige instellings in my kultuur?

Bestudeer ook die volgende studies:

- Handleiding 6, supplement 7 Die verhouding tot jou lewende ouers
 Handleiding 6, supplement 8 Die verhouding tot jou oorlede voorvaders

5	GEBED (8 minute)	[REAKSIES] GEBED IN ANTWOORD OP GOD SE WOORD
----------	------------------	---

Bid saam met mekaar as antwoord op wat God gesê het. Laat elkeen in die kring om die beurt kort (in één of twee sinne) bid en teenoor God reageer op wat hy in hierdie byeenkoms van Hom geleer het.

6	VOORBEREIDING (2 minute)	[OPDRAGTE] VIR DIE VOLGENDE BYEENKOMS
----------	--------------------------	--

Deel die voorbereiding vir die volgende keer op 'n stukkie papier uit of laat die groeplede dit neerskryf.

1. **Toewyding.** Wy jou steeds daaraan toe om dissipels te maak en die gemeente van Jesus Christus op te bou.
2. **Verkondig, onderrig of bestudeer die studie** oor “Die menslike kultuur en die kultuur van die Koninkryk van God” saam met 'n persoon of 'n klein groepie mense.
3. **Persoonlike tyd met God.** Hou stiltetyd met God uit ongeveer 'n halwe hoofstuk per keer uit 2 Timoteus 2 - 4. Maak gebruik van die verkose Bybelverses of die gunstelingwaarheid metode en maak kort aantekeninge.
4. **Memoriserings.** Repeteer die sleutelverse in Johannes. (6) Johannes 5:24, (7) Johannes 6:37, (8) Johannes 7:38, (9) Johannes 8:12, (10) Johannes 10:28. Repeteer elke dag die laaste vyf Bybelverse wat jy uit jou kop geleer het
5. **Bybelstudie.** Berei die volgende Bybelstudie tuis voor. Johannes 10. Gebruik van die vyf stappe metode.
6. **Gebed.** Bid vir iemand of iets spesifiek en sien met verwagting uit na wat God doen (Psalm 5:4).
7. **Hou jou aantekeninge op datum.** Sluit jou aantekeninge oor stiltetyd, memoriserings, jou Bybelstudie en hierdie opdrag in.